Gasvryheids-bediening

Koffie/tee
na die erediens,
in die kerksaal.
Jy is genooi!
Dankie aan
Dienende Hande
en span.

BORG van die maand

Brits & Matthee Prokureurs

Paul Brits

021 852 3650

Brightstraat 23
Somerset-Wes
paul.brits@mweb.co.za

Gebedsonderwerpe

- Die werk van die Bloeddiens - bid dat daar genoeg skenkers sal aanmeld om oor die feestyd in die behoefte te voorsien. Bid vir al die vrywilligers wat betrokke is.
- In ons land is daar baie gesinsgeweld. Bid vir gesinne wat worstel met disfunksionele verhoudings. Bid vir elke instansie wat steun verleen aan gesinne wat sukkel.
- Al die voorbereidings en bedrywighede rondom die Kersmark. Bid dat elkeen wat betrokke is met vreugde en vertroue sal saamwerk sodat die geleentheid 'n getuienis van God se liefde en trou sal wees. Bid ook vir die uitstallers.
- Bid dat wêreldleiers die klimaatskrisis sal ernstig opneem en begin saamwerk om weg te beweeg van fossielbrandstowwe na skoon energie.

Epos: hannetjiegericke@gmail.com

NOV se deurkollektes

01 Nov: Gemeentebediening – R1 793
08 Nov: Dienende Hande – R1 650
15 Nov: Durbanville Kinderhuis – R1 656
22 Nov: Sinode: Jeugwerk
22 Nov: Kerssangdiens Musiekbediening
29 Nov: Projekte 2026

Bybelstudie Stormhaven

Don, 26 Nov
om 10:00.

DANKOFFER BETALINGS:

1. Elektronies/internet bankdienste:

Rek naam: NGK Somerset Wes
Bank: ABSA
Tipe rek: Tjekrekening
Rek nr.: 2900 590 132
Takkode: 632 005
Verwysing: Dankoffer/Kollekte

2. Snapscan:

SnapScan

Snap here to pay

3. Kontantinbetalings & koeverte:

Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofofferkoeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeggemaak.

4. Debietordervorms: Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787 / ngsomerset@mweb.co.za.

DIE OMGEEGEMEENTE

NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

22 November 2026

Lofdiens 09:00

Baie welkom by ons erediens vanoggend.
'n Besondere woord van welkom aan die familie en vriende van die twee gesinne wat vanoggend hulle seuntjies laat doop: Claud en Moné Botes met klein Arend, en Heinrich en Anri Pawson met klein Janko. Ons is bly dat julle hierdie besondere geleentheid saam met ons vier.
Vanoggend se Skriflesing is uit Openbaring 21:1-5. Die gedeelte gee aan ons 'n blik op God se belofte van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde. Dit herinner ons aan die hoop wat ons in Christus het en dat die nuwe hemel en die nuwe aarde, God se teenwoordigheid en die sekerheid dat Hy alles nuut maak, ons begelei in ons verhouding met onsself en met ander.
Mag ons vanoggend met ontvanklike harte na God se Woord luister en Hom met vreugde loof en prys deur ons lofdiens.

Stroming

Die skakel sal ongeveer 'n halfuur voor die aanvang van die diens beskikbaar wees op die gemeente se webtuiste by https://ngkerksomersetwes.co.za/
Die alternatief is om na Youtube te gaan en in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes" te tik.

Bybelstudie Woensdae

Oggende: 2-weekliks
Afgesluit vir die jaar.
Aande: weekliks
Afgesluit vir die jaar.

Gebedsgroep Woensdae

Afgesluit vir die jaar.

Voorbidding

- **Danae Malan**, met Marcel se afsterwe.
- **Adele Pretorius**, met haar ma Marietjie, se afsterwe.
- **Kotie Nel**, geval.
- **Meppie Lochner,** geval.
- **Elmare Rankin**, operasie.
- **Pierre Malan**, tuis na heupvervanging.
- **Linda Styger**, herstel na oogoperasie.
- **Chris Carstens**, heupvervanging.
- **Tersia Baard**, knieprobleme.
- **Nico Kapp**, longfibrose.
- **Lientjie Smit,** tuis na hospitalisasie - behandeling.
- **Marietha du Toit,** verswakte sorg.
- **Willie vd Merwe,** ondersteunende versorging.
- **Francine v Zyl**, operasie 25/11.
- **Jeanette Snyman,** behandeling.
- **Dawie Rossouw,** behandeling.
- **Chelly vd Merwe,** broos.
- **Katryn v Dyk**, broos.

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!

Manne Reisgesprek Vrydagoggende
Afgesluit vir die jaar.

Kategese: Afgesluit vir die jaar.

Geen kerkkoor oefening vir die Kerssangdiens vandag na kerk nie.

K E R S M A R K

Ons benodig asseblief:

- Vrywilligers wat **koeke** en **terte** sal skenk vir die Kersmark se teekamer. Ons het ongeveer 8 koeke/terte per dag nodig vir die duur van die kersmark (8 dae). Kontak asb. vir Suzette Posthumus (061 262 8298) of Hanlie Neethling (072 433 7243) as jy kan help.
- Vir die koue poedings;
  - **BAIE 80g pakkies jellies**.
    Geure: aarbei, pynappel, lemoen, groenpruim ("greengage").
    Gee asb. by die kerkkantoor af.
  - **Ons het genoeg vla gekry, BAIE DANKIE!**
- Madeleine le Roux is op soek na iemand wat in Francine en Josephine se plek die **Deli kan be'man'**. Francine en Josephine wat jaarliks getrou gehelp het kan weens gesondheidsprobleme nie vanjaar daar werk nie. Kontak asb. vir Madeleine as jy kan help (082 511 8316).
- **Toesighouers** in die saal en **deurwagte** by die deure, asook **pakkers**.
- **Teekamer diensbeurte.**
- **Diensbeurtroosters** sal vandag in die kerk se syportaal, naaste aan die kerksaal, beskikbaar wees en gedurende die week in die kerkkantoor. Dui asb. aan waar jy behulpsaam kan wees.

Let asb. daarop dat daar oranje kegels op die kerkterrein by die skuins parkering voor die sloot by die Gedenkmuur geplaas is.
Wees asb. versigtig wanneer julle daar parkeer.

HELDERBERG UITREIK: Helderberg Babas behoeftes

Ons benodig asb. die volgende produkte by Helderberg Babas vir ons personeel en vrywilligers se teetyd:
- Volroom boksie melk
- Beskuit/koekies
- Joco/ Vyf Rose Engelse tee
- Suiker

Ander produkte:
- Baby wipes (sensitive)
- Enige Epimax babaprodukte
- Tissues
- Sunlight opwasmiddel
- Handy Andy

Skenkings van produkte help ons om beskikbare fondse vir ander uitgawes aan te wend. Produkte kan asb. by die kerkkantoor afgegee word, gemerk: Helderberg Babas.
Baie dankie! Tania Schultz





Kerkraadsverkiesing

Die volgende lidmate is op 'n KR vergadering, gehou op 17/11 op die KR verkies:

Johan Bruwer	Voorsitter:	Eiendomme & Blokleier: Blok 6	Herkies
Cecile vd Poel	Voorsitter:	Gemeente-Aksie	Herkies
Paul Brits	Voorsitter:	Regsaangeleenthede	Herkies
Hannetjie Ferreira	Voorsitter:	Bemarking	Herkies
Handri Kuun	Voorsitter:	Kéramos	Herkies
Charl du Plessis	Voorsitter:	Admin & Diensverhoudinge	Herkies
Danie de Klerk	Diaken/Eredienswerker		Herkies
Josephine d Bouter	Diaken/Eredienswerker		Herkies
Pieter d Bouter	Diaken/Eredienswerker		Herkies
Letteli Nel	Diaken/Eredienswerker		Herkies
Hannetjie Gericke	Blokleier:	Blok 2	Herkies
Hennie Marx	Blokleier:	Blok 3	Herkies
Jaco Jacobs	Blokleier:	Blok 7	Herkies
Gerrit v Zyl	Blokleier:	Blok 10	Herkies

Die gemeente se voorbidding word gevra vir dié verkose kerkraadslede.

Ons bedank graag vir Ds Gawie v Broekhuizen en Christal Erasmus wat aangedui het dat hul nie herkiesbaar is nie, vir hulle waardevolle insette en bydrae tydens hulle termyne. Seënwense.



Verversings na die diens in die kerksaal.

Kom kuier gerus saam!